NUUSBROKKIES JAN 2023 | UITGAWE 10

KOMMERSIëLE SAKE

Beurtkrag

Beurtkrag... 'n Woord wat skadu's gooi oor menige drome en toekomsplanne en 'n enorme las op landbou geplaas het die afgelope maande. Dit is ook 'n konsep wat landbouers noodgedwonge na alternatiewe energie opsies laat kyk.

Vrystaat Landbou, onder leiding van Francois Wilken (president), Gernie Botha (HUB) en dr. Jack Armour (kommersiële bestuurder) het op Woensdag, 1 Februarie met verskeie rolspelers binne Eskom vergader om die impak van beurtkrag op landbou te verduidelik en veral moontlike oplossings te bespreek.

Die dringendheid van die situasie is telkemale beklemtoon en sal as prioriteit die nodige aandag geniet.

Baie dankie aan al die lede wat deelgeneem het aan die opname wat gebruik is ter voorbereiding vir ons gesprek met ESKOM, Die resultate sal in die lede afdeling op ons **webtuiste** verskyn. R371 502 376 se skade asook nood-aankope van kragopwekkers en brandstof is deur 231 Vrystaatse boere aangegaan in die laaste 2 maande as gevolg van beurtkrag.

VL sal binnekort kritiese aksies wat deur boere/groepe boere met ESKOM geneem kan word met lede kommunikeer.



LANDELIKE VEILIGHEID

Veiligheidsopleiding beskikbaar vir almal

Vrystaat Landbou (VL)het ’n ooreenkoms geteken met LGV, ’n privaat sekuriteitsmaatskappy gesetel in Parys, om veiligheidsopleiding vir boere en hul gesinne aan te bied.

Die opleiding is opgedeel in 3 fases, nl Fase 1 wat huis en haard beskerming omvat, Fase 2 wat reaksiegroep opleiding is, en Fase 3 wat gevorderde opleiding behels oa spoorsny, ens. LGV kan tussen 25 tot 40 persone per opleidingsessie, wat gewoonlik op ’n Saterdag plaasvind, hanteer.

VL dra R12 000 by vir opleidingsessie in ’n distrik, ongeag hoeveel lede en nie-lede dit gaan bywoon, en ’n boerevereniging betaal R3 000 per sessie. LGV het ’n misdaadtoneelstel ('crime scene kit') saamgestel wat tydens die opleiding behandel word en wat ook met reaksiegroep-opleiding geskenk word. Die kostes beloop R1200 per stel.

Die behandeling van traumatiese wonde wat opgedoen word op plaasaanval tonele, word deur 'n opgeleide paramedikus bespreek. ’n Basiese noodhulpstel is saamgestel vir eerste respondeerders. Die stel kos R800 en kan vanaf LGV bestel word.

Elke distrik gaan 2 keer per jaar aan die beurt kom vir Fase 1 en 2 opleiding. Veiligheidsverteenwoordigers van boereverenigings en of Distriks boere -unies kan met Pieter Kemp in verbinding tree ten einde hul opleiding te bespreek.

Dr Jane Buys, Veiligheidsrisiko analis van VL, het 'n verslag opgestel oor die omvang van misdade gedurende die 2022 feesseisoen.

Kliek hier *om die verslag te lees.*

JONGBOERE

Jongboer van die Jaar 2023

Drie dinamiese jong boere ding vanjaar mee om aangewys te word as Vrystaat Landbou se 27ste Jongboer van die Jaar.

Baie geluk aan:

- Hennie Geldenhuys van Excelsior
- Hansie Müller van Viljoenskroon
- Lukas Lessing van Marquard

Kandidate word beoordeel op hul bestuursfilosofie en die tegniese vaardigheid waarmee hulle dit uitvoer en dus nie op grond van hul vertakkingsamestelling of omvang (grootte) van hul boerdery nie.

Die finaliste sal op 21 & 22 Februarie deur 'n span beoordelaars besoek word en die wenner sal op 18 April aangekondig word.

Sterkte manne!

Belangrike datums 2023

- 9 Feb SONA (State of the Nation Address)
- 22 Feb Nasionale Begrotingsrede
- 15 Feb VL Finansiële Komitee & Dagbestuur
- 16 Feb VL Uitvoerende Bestuur
- 17 Feb VL Jongboer Komitee
- 18 Apr Jongboer Konferensie & Jongboer v.d. Jaar
- 2 & 3 Aug Jaarkongres
- 22 Sept Agriculture.Golf golfdag

Hennie & Franciske Geldenhuys

Hansie & Adrie Müller

Lukas en Marné Lessing

Boereverenings kan mekaar die stryd aansê op die golfbaan

Vrystaat Landbou, in samewerking met Agriculture.Golf, nooi alle boereverenigings uit om mekaar die stryd op die golfbaan aan te sê op 22 September 2023.

Die geleentheid word aangebied om fondse in te samel om landelike veiligheid in die Vrystaat te verbeter. Verlede jaar is 'n bedrag van R230 000 aan Vrystaat Landbou se veiligheidsfonds betaal.

Boereverenigings wat belangstel om deel te wees van dié dag, kan Elize by Vrystaat Landbou kontak - elize@vslandbou.co.za

Sien julle op die golfbaan!

Ondersteun gerus ons lojale diensverskaffers en besigheidsvennote:

DigiComs
Telephony & Internet Provider

KingPrice INSURANCE
PERSONAL • COMMERCIAL • LIFE
Agri

NISSAN

STAR LUBRICANTS
Agri Veiligheid

WORK ACCIDENT SUPPORT